**In die Skriflig / In Luce Verbi**
ISSN: (Online) 2305-0853, (Print) 1018-6441



# Die invloed van Calvyn se persoonlike onderrig en opvoeding op die Reformasie in Genève

**Author:**
Mornè Diedericks[1]

**Affiliation:**
[1]Department of Education, Faculty of Biblical Studies, Philosophy and Life Sciences, Aros, Pretoria, South Africa

**Corresponding author:**
Mornè Diedericks,
morne.diedericks@aros.ac.za

**Dates:**
Received: 23 Apr. 2025
Accepted: 07 July 2025
Published: 18 Aug. 2025

**How to cite this article:**
Diedericks, M., 2025, 'Die invloed van Calvyn se persoonlike onderrig en opvoeding op die Reformasie in Genève', *In die Skriflig* 59(1), a3182. https://doi.org/10.4102/ids.v59i1.3182

**Copyright:**
© 2025. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

**Read online:**
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

**The influence of Calvin's personal teaching and education on the Reformation in Geneva.** The article examines the influence of John Calvin's education on the Reformation in Geneva during the 16th century. It argues that Calvin's comprehensive training in classical languages, law, and theology was pivotal to his ability to lead and structure the Reformation in Geneva, establishing it as a model city for Protestant reform. Drawing on biographical details and primary sources, including Calvin's writings and correspondence, the study traces key periods of Calvin's education, from his formative years in Paris and legal studies in Orléans to his reforming work in Geneva and Strasbourg. The findings demonstrate that Calvin's academic rigour and humanist outlook, coupled with his legal expertise, laid the foundation for the development of ecclesiastical and civic institutions that solidified Geneva's status as a beacon of Reformation. Furthermore, the article highlights how Calvin's educational philosophy not only shaped ecclesiastical reform but also contributed to broader transformations in education and public life.

**Contribution:** Geneva's legacy as a centre of Protestant education, together with Calvin's theological and societal innovations, continues to exert international influence that endures to this day.

**Keywords:** Academy of Geneva; education; Geneva; John Calvin; protestant education; reformation.

## Inleiding

Navorsing oor Johannes Calvyn se bydrae tot die Reformasie en sy werk in Genève is omvangryk en insiggewend. Diepgaande teologiese ontledings van sy sistematiese denke (Muller 2002; Steinmetz 1995), sowel as biografiese besprekings van sy invloed (Bouwsma 1988; Selderhuis 2009) op die Reformasie is reeds deeglik nagevors. Die Akademie van Genève is ook uitvoerig behandel as 'n sentrum van Reformatoriese onderrig en opleiding asook die Akademie se internasionale invloed (Maag 1994; Vosloo 2017). Tog is daar 'n onderbeklemtoonde aspek wat nog nie voldoende in navorsing uitgelig is nie, naamlik die wyse waarop Calvyn se eie opvoeding en lewenservaring as jong student, regsgeleerde, vlugteling en prediker 'n integrale vormende invloed gehad het op die onderrigpraktyke wat hy in Genève gevestig het, en hoe hierdie praktyke op hulle beurt die Reformasie van die stad moontlik gemaak het.

Calvyn se onderrig was nie 'n abstrakte pedagogiese model nie, maar die vrug van sy eie opvoeding en ervarings. Die Reformasie van Genève van die sestiende eeu dien reeds vir byna vyf eeue as 'n voorbeeld vir talle reformatories gesindes van die wyse waarop hervorming op verskeie vlakke bewerkstellig kan word. Hierdie vlakke sluit in die hervorming van die kerk, regstelsels, skoolstelsels, universiteite, stadsbestuur, die burgerlike samelewing, huwelike en gesinne; dus die reformasie van 'n hele samelewing. In hierdie opsig is Genève vandag steeds 'n bron van inspirasie vir reformatories gesindes (Diedericks 2021:161). Die Reformasie van Genève het as 'n voorbeeld gedien vir ander stede en dorpe wat ook die pad van Reformasie gevolg het.

Hoewel die Reformasie die resultaat was van talle persone se bydraes en nie uitsluitlik aan Calvyn toegeskryf kan word nie, is dit duidelik dat die Reformasie nie in dieselfde mate geslaagd sou wees sonder Calvyn se besondere gawes en vermoëns nie. Daarby het Calvyn deur die genade van die Here ruim geleentheid ontvang om hierdie gawes en vermoëns uit te leef. Teen hierdie agtergrond word die volgende navorsingsvraag gestel: Wat was die invloed van Calvyn se eie onderrig, opvoeding en ervaring op die Reformasie in Genève?

## Metodologie

Eerstens het dataversameling vir hierdie artikel behels dat biografiese inligting oor Calvyn se lewe nagegaan is, met ’n spesifieke fokus op die onderrig wat hy self ontvang het. Verder is primêre bronne van Calvyn gebruik, met woordanalises wat op Calvyn se primêre werk, *Die Institusie van die Christelike Godsdiens*, sy kommentare en sy korrespondensie uitgevoer is. Die ontleding van hierdie primêre bronne het hoofsaaklik gefokus op dit wat Calvyn self oor sy eie onderrig vermeld. Vervolgens is die tekste wat ondersoek is, gekodeer. Hierdie kodering van die data is op ’n unieke wyse gestruktureer, met die navorsingsvraag as rigtinggewende fokus vir die kodering soos deur Popenoe et al. (2021:183) voorgestel. Uit die kodering is verskeie temas geïdentifiseer, gekategoriseer en binne ’n raamwerk uiteengesit om die navorsingsvraag van die artikel te beantwoord.

Die geïdentifiseerde temas is binne die raamwerk van verskillende tydperke in Calvyn se opleiding geplaas, wat hy deur die loop van sy lewe ontvang het. Die tydperke is soos volg verdeel: Calvyn se geboorte en verhouding met sy ouers; sy eerste onderrig, vermoëns en begaafdheid; sy formele studies in Parys aan die Collège de la Marche en Montaigu; sy studies in Bourges en Orléans; en sy studies in Parys aan die Collège Royal.

Laastens is gefokus op wat Calvyn uit sy ervarings in Genève en Strasbourg geleer het, en die bydrae wat sy onderrig tot die Reformasie in Genève gelewer het.

## Geboorte en ouers

Johannes Calvyn is op 10 Julie 1509 in Noyon, ’n klein dorpie in Pikardië, Frankryk, gebore. Hy was die jongste van vyf seuns. Sy vader, Gérard Cauvin, wat homself vanuit eenvoudige omstandighede opgewerk het tot ’n burgerlike posisie, was ’n trustee vir die katedraalkapittel in Noyon (Hillerbrand 2005:234). Sy moeder, die dogter van ’n stadsadellike, is oorlede toe Calvyn nog jonk was, en sy vader is later weer getroud (Bouwsma 1988:9). Sy moeder se vroeë afsterwe het meegebring dat die kerk vir Calvyn ’n moederfiguur geword het. Dit het bygedra tot sy latere oortuiging dat niemand God as Vader kan hê sonder die kerk as moeder nie (Selderhuis 2009:11).

Hoewel Calvyn nie ’n hegte persoonlike band met sy vader gehad het nie, het hy steeds met gehoorsaamheid en respek teenoor hom opgetree. Sy eerbied vir gesag het ook duidelik na vore gekom in sy verhouding met ander vaderfigure wat ’n groot invloed op hom gehad het. Een van hierdie figure was Mathurin Cordier, een van sy eerste onderwysers aan die Collège de la Marche in Parys. Calvyn het later sy kommentaar op 1 Tessalonisense aan Cordier opgedra as ’n blywende teken van waardering vir die invloed wat hy op sy lewe gehad het (Selderhuis 2009:12). Hierdie mentorverhoudings het Calvyn se vormingsjare diep geraak en hom voorberei op sy latere werk as hervormer.

Calvyn se siening van God se voorsienigheid was nou met sy eie lewenservarings verweef. Deur sy lewe heen het hy geworstel met die vraag na wie God werklik is, en uiteindelik het hy God as sy Vader gevind – of soos hy dit self gestel het, hy is deur God gevind (Selderhuis 2009:22). Vir Calvyn was die idee van voorsienigheid nie slegs ’n leerstelling nie, maar ’n werklikheid wat hy persoonlik beleef het. Hy was daarvan oortuig dat God se voorsienigheid beteken dat sy kinders nooit uit sy hand geruk kan word nie (Selderhuis 2009:38). Vanuit hierdie oortuiging het Calvyn sy lewe as ’n pelgrimsreis beskou, dikwels onseker oor wat die toekoms sou bring, maar met volgehoue vertroue dat God in elke omstandigheid vir hom sou sorg. Hy het dikwels na sy eie lewe as ’n bewys van God se troue sorg verwys: ‘Van my geboorte af het God vir my gesorg. Ek het deur ’n miljoen gevare gegaan, en Hy het my gered’ (CO 26:589).

## Eerste onderrig, vermoëns en begaafdheid

Gérard Cauvin het reeds vroeg besluit dat sy seun ’n loopbaan in die kerk moes volg; daarom wou hy vir Calvyn ’n uitstekende opvoeding bied. Dit is onder die beskerming van die invloedryke Montmors-familie dat Calvyn sy eerste formele opleiding ontvang het. Hierdie gesin, bekend vir hulle akademiese invloed en bande met kerklike instansies, het ’n belangrike rol in die vorming van die jong Calvyn gespeel (Bouwsma 1998:9). In die voorwoord van sy eerste boek skryf Calvyn (1969) met kenmerkende bondigheid:

> Ek skuld aan julle alles wat ek is en het ... As kind is ek in julle huis grootgemaak en het ek my studies by julle begin. Daarom skuld ek aan julle edele familie my eerste opleiding in die lewe. (p. 5)

Vanaf ’n jong ouderdom het Calvyn sy natuurlike vermoëns en akademiese begaafdheid openbaar. Sy studiejare by die Montmors-familie het hierdie vermoëns verder ontwikkel, maar dit was veral sy ywer en dissipline wat gemaak het dat hy gou op akademiese gebied bo ander kinders van sy ouderdom uitgestyg het (Estep 1986:224). Sy toewyding aan sy studies was opvallend, en hy het dikwels tot in die nagtelike ure gewerk aan die bestudering van klassieke werke, Latynse tekste en geskrifte van die vroeë kerkvaders (Stevenson 1959:69). Sy biograaf, Beza (1984), meld dat:

> Sommige van sy vriende en maats wat nog lewe, getuig dat hy in hierdie tyd die gewoonte aangeleer het om, nadat hy ’n ligte maaltyd genuttig het, tot middernag te studeer en dan vroeg in die môre op te staan en oor iets wat hy gelees het, na te dink en dit as’t ware te herkou. (p. 5)

Selderhuis (2009:75) stel dit so: ‘Calvin simply could not put up with disorder. This was part of his personality, but it was also his theological conviction that God was a God of order’. Volgens Parker (1975:92) was dit juis Calvyn se gedissiplineerdheid en ordelikheid wat hom so ’n besondere eksegeet gemaak het. Hierdie ingesteldheid was kenmerkend van die wyse waarop hy ’n Bybelteks deurgewerk het.

Tog het daar, volgens Calvyn self, ook ’n donker en sondige kant aan hierdie eienskappe gekleef (CO 11:336–338). Sy onvermoeide werkdrang was dikwels ten koste van sy gesondheid. Calvyn het aan chroniese migraine en spysverteringsprobleme gely wat deur sy uitputtende werkskedule en intense lewenstyl vererger is. In sy briewe en geskrifte het hy op verskeie geleenthede erken dat sy swak gesondheid ’n ernstige impak op sy werk en effektiwiteit gehad het (CO 17:465–467). Sy gedissiplineerdheid en georganiseerdheid het tot selfverwaarlosing en uitputting gelei. In ’n brief aan Farrel, gedateer 19 Oktober 1541, skryf hy: ‘Ek het nie tyd om buite my huis na die son te kyk nie, en as dinge so voortgaan, sal ek vergeet hoe dit lyk’ (CO 11:74–75).

Die gebeure rondom sy verbanning uit Genève in 1538 het vir hom ’n waardevolle geestelike les ingehou. Hy het op verskeie geleenthede bely dat God hom deur hierdie verbanning gedissiplineer het vir sy sondes en tekortkomings (CO 11:336–338). Hierdie ervaring, hoewel pynlik, was vir hom ’n noodsaaklike leerskool. Hy het besef dat selfs sy vermoëns en arbeid uiteindelik ondergeskik moes wees aan God se wil en genade. Hierdie selfkennis het ’n beduidende bydrae tot sy teologie oor die mens se totale afhanklikheid van God gelewer.

## Studies in Parys

In Augustus 1523, op 14-jarige ouderdom, is Calvyn deur sy vader na Parys gestuur om sy opleiding voort te sit. Hy het aanvanklik by die Collège de la Marche ingeskryf (Stevenson 1959:69). Hier het sy opleiding hoofsaaklik op die bemeestering van Latyn gefokus – ’n noodsaaklike vaardigheid vir rather: universiteitsvlak-studies omdat alle lesings en handboeke in Latyn aangebied is. Die kurrikulum in Latynse grammatika het ’n gestruktureerde drie-fase-benadering gevolg. In die eerste fase het studente basiese lees- en skryfvaardighede, asook die grondbeginsels van Latynse grammatika aangeleer, moontlik aan die hand van Donatus (vierde eeu n.C.) se handboek, *De octo partibus orationis* (1981). Die tweede fase het voortgebou op meer ingewikkelde grammatikale onreëlmatighede, sintaksis en prosa met behulp van die bekende *Doctrinale Puerorum* deur Van Villedieu (1488), wat sedert ongeveer 1200 n.C. die studie van Latynse grammatika oorheers het (Parker 1975:5).

Een van die bekende dosente aan die Collège de la Marche was Mathurin Cordier. Cordier was ’n vroom en geleerde man wat as een van die bekwaamste opvoeders van sy tyd in Frankryk beskou is. Hy was veral bekend vir sy onderrig in Latyn en sy toewyding aan die geestelike en morele vorming van jong studente (Selderhuis 2009:12). Ná sy bekering tot die Protestantisme het Cordier subtiel sy hervormde oortuigings in sy onderrig ingewerk deur Latynse sinne aan sy studente te gee om oor te skryf. Hierdie invloed het ’n belangrike rol gespeel in die verspreiding van Protestantse leerstellings (Stevenson 1959:69). Cordier word vandag steeds beskou as een van die stigters van moderne pedagogiek. Sy opvoedkundige benadering was ’n blywende nalatenskap nie net in die Hervorming nie, maar ook in die breër pedagogiese tradisie (Hillerbrand 2005:235).

Die verhouding tussen Calvyn en Cordier het dieper gegaan as die gebruiklike student-onderwyserverhouding, en het ontwikkel tot ’n hegte vriendskap. Toe Calvyn hom later in Genève gevestig het, het Cordier hom daarheen gevolg en saam met hom klas gegee. Cordier is op 02 September 1563 op 87-jarige ouderdom in Genève oorlede (Stevenson 1959:69). In ’n brief aan Cordier, gedateer Mei 1563, het Calvyn erken hoe groot Cordier se invloed op sy vroeë Latynse studies was. Hy bedank Cordier vir sy onderrig en erken dat sy akademiese vordering in ’n groot mate aan hom te danke is (CO 20:216).

Benewens Calvyn se akademiese omgewing, was die politieke en godsdienstige atmosfeer in Parys destyds uiters onstuimig. In dieselfde maand as wat Calvyn sy studies aan die Collège de la Marche begin het, is Jean Valliére, ’n Augustynse monnik, op die brandstapel tereggestel vir sy verbintenis met Lutherse denke. Hierdie voorval het die toenemende spanning rondom Luther se werke, wat teen daardie tyd ook baie bekend was, in Parys beklemtoon (Dreyer 2010:5).

Calvyn se studies aan die Collège de la Marche het gedien as voorbereiding vir verdere opleiding in die Skone Kunste en Teologie. Na ongeveer ’n jaar is hy oorgeplaas na die Collège de Montaigu, ’n gesogte instelling waar bekendes soos Rabelais en Erasmus ook studeer het (Estep 1986:224). Hier het Calvyn filosofie en dialektiek onder die Spaanse geleerde, Antonio Corone, bestudeer. Die kollege is georganiseer volgens die beginsels van die Broeders van die Gemeenskaplike Lewe, wat bekend was vir hulle kritiek op die Middeleeuse Skolastiek en hulle ywer vir sendingwerk – invloede wat ’n diep indruk op Calvyn se denke gelaat het (Cottret 2000:17; Dreyer 2010:5).

Gedurende sy tyd by Montaigu is Calvyn saam met ander studente van Pikardië geplaas. Hy het die bynaam *accusativus* gekry – ’n sinspeling op sy geneigdheid om medestudente by die administrasie aan te meld (Selderhuis 2009:14). By Montaigu het Calvyn die standaardkurrikulum vir ’n Baccalaureus in die Skone Kunste gevolg: die *trivium* (grammatika, logika en retoriek) en die *quadrivium* (rekenkunde, musiek, geografie en astronomie) (Estep 1986:224). Hy het akademies uitgeblink en sy medestudente in die meeste vakke oortref (Beza 1984:4).

Die opleiding wat Calvyn ontvang het, was nie beperk tot die formele kurrikulum nie. Hy het ook informele bande gesmee met mentors en vriende. Sy tyd aan Montaigu was van groot waarde – nie alleen vanweë die streng akademiese omgewing nie, maar ook weens die streng dissipline wat goed by Calvyn se persoonlikheid aangesluit het. Montaigu se hoof, Jean Standonck, het die kollege hervorm tot ’n instelling wat op streng morele en teologiese opleiding vir toekomstige

priesters gefokus het (Parker 1975:7–8). Calvyn het in 1523 aan Montaigu gematrikuleer (Kurian & Lamport 2015:181).

## Studies in Bourges (Orléans)

Calvyn se akademiese loopbaan het ʼn betekenisvolle wending geneem toe sy vader hom aan sy teologiese studies onttrek het weens Gérard Cauvin se konflik met die kerk. Hierdie skuif, wat op die oog af soos ʼn terugslag kon lyk, moet egter ook binne die voorsienigheid van God verstaan word. In plaas van Teologie het Cauvin besluit dat sy seun eerder Regte moes bestudeer. Hierdie besluit het nie net ʼn blywende impak op Calvyn se persoonlike ontwikkeling gehad nie, maar ook op sy latere bydrae tot die hervorming in Genève. Anders as baie van sy tydgenote het Calvyn dus nie formele teologiese opleiding ontvang nie – ʼn feit wat daartoe gelei het dat sommige mense hom as ʼn juridiese figuur eerder as ʼn teoloog beskou het (Kurian & Lamport 2015:181).

Calvyn het sy regstudies tussen 1528 en 1532 in Bourges aan die Universiteit van Orléans begin. Onder die leiding van invloedryke dosente soos veral Pierre de l'Estoile, het Calvyn floreer en merkwaardige vordering in sy studies gemaak – deels vanweë sy gevorderde taalvaardighede wat reeds onder Cordier se leiding geslyp is. Die regskurrikulum het op die burgerlike reg gefokus, spesifiek die *Corpus Juris Civilis* [Inhoud van Burgerlike Reg], wat ʼn diepgaande invloed op Calvyn se intellektuele vorming gehad het (Cottret 2000:21). Hierdie gestruktureerde opleiding het nie net by sy persoonlikheidseienskappe van ordelikheid en dissipline aangesluit nie, maar het ook bygedra tot sy intellektuele vermoë. Sy opleiding het noodsaaklike elemente soos die *Codex*, *Digesta* en *Institutiones* ingesluit waardeur hy bekend geraak het met die Romeinse reg en die historiese kontekse wat nodig was om sy eie regsomgewing te verstaan (Parker 1975:17).

In Bourges het Calvyn onderrig by vooraanstaande professore soos Alciati en Colone ontvang, wat sy regsbegrip wesenlik gevorm het. ʼn Noemenswaardige mentor in hierdie tyd was Melchior Wolmar onder wie hy Grieks gestudeer het (Parker 1975:17). Calvyn is in sy regstudies aan die skolastieke onderrigmetodes bekendgestel waarin dialektiese redevoering beklemtoon en by studente ingeoefen is. Hierdie metode sou later duidelik naspeurbaar wees in sy eie teologiese werke (*Inst* 3.2.25:418). Hillerbrand (2005:234) wys daarop dat Calvyn se verskuiwing na Orléans hom in staat gestel het om die spekulatiewe tendense van die Skolastisisme vry te spring en gevolglik ʼn meer kritiese ingesteldheid teenoor die skolastieke teologie ontwikkel het omdat hy in die skolastieke metode geskool is. Die skolastieke onderrigmetodes het sy vermoë tot kritiese denke bevorder, soos duidelik uit Calvyn se regstudies en latere teologiese werke blyk. Dit het ook bygedra tot sy retoriese vaardighede – ʼn invloed wat duidelik in sy hervormingswerk in Genève na vore gekom het.

Calvyn se regsopleiding het hom veral op twee sleutelterreine besonder goed toegerus: eerstens in die opstel van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*, en tweedens in die daarstelling van Regsordes (waaronder die *Ordonnances Ecclésiastiques*) in Genève. Albei het ʼn wesenlike bydrae tot die hervorming in Genève gelewer.

Sonder twyfel is Calvyn se *Institusie van die Christelike Godsdiens* een van die mees invloedryke werke van die Reformasie. Die unieke aard van hierdie werk het geresoneer met die Protestantgesindes van hierdie tyd. Dit het soos ʼn veldbrand versprei en binne ʼn kort tydperk was Calvyn nie net in die Protestantse stede bekend nie, maar ook in Rooms-Katolieke stede (Hillerbrand 2005:235). Die kragtige titel van die werk het onmiddellik die leser se aandag op die bekende *Corpus Juris Civilis* se *Institutiones* gerig. Die inhoud, wat vergelykbaar is met ʼn burgerlike regsteks, was sistematies, helder en doeltreffend. Die *Institusie* het gehelp om konkrete riglyne te bied wat vir die Hervorming hande en voete gegee het (Estep 1986:227).

Verder was Calvyn se regsagtergrond ook van onskatbare waarde in sy rol as wetgewer in Genève. Hy het sy regskennis aangewend om Regsordes soos die *Ordonnances Ecclésiastiques*, saam te stel wat ʼn model geword het vir die administrasie van Protestantse gemeenskappe tydens onstuimige godsdienstige omwentelings. Calvyn se vermoë om teologiese beginsels sistematies en verstaanbaar te verwoord, het meegebring dat die Reformasie nie tot kerklike herstrukturering beperk gebly het nie, maar ook verreikende gevolge gehad het vir onderwys en die burgerlike samelewing (Parker 1975:17).

## Terug in Parys (Collège Royal)

Calvyn se tyd in Parys aan die Collège Royal was van groot belang vir sy vorming as akademikus en vir sy latere bydrae tot die Reformasie. Ná die dood van sy vader het hy besluit om sy studies in Parys voort te sit, waar hy hom aan die studie van bybelse tale, asook die klassieke en Christelike oudheid toegewy het. Hierdie besluit het hom na die Collège Royal gelei – ʼn intellektuele omgewing sterk beïnvloed deur die denke van Desiderius Erasmus en Jacques Lefèvre d'Étaples. In teenstelling met die konserwatiewe teologiese fakulteit van die Universiteit van Sorbonne in Parys, wat ten nouste verbind was aan die Inkwisisie, het die Collège Royal ʼn meer humanistiese benadering gevolg wat ʼn diepgaande invloed op Calvyn gehad het (Ganoczy 1988:80).

Calvyn se blootstelling aan humanisme was ʼn kernaspek van sy akademiese ontwikkeling. Dit is belangrik om daarop te let dat die humanisme van die vyftiende en sestiende eeu waarin Calvyn gevorm is, nie verwar moet word met die humanisme van die agtiende eeu nie. Hierdie vroeë humanisme het op die terugkeer na oorspronklike bronne (*Ad Fontes*) gefokus, en het die studie van klassieke tekste in hulle oorspronklike tale soos Grieks, Latyn en Hebreeus, beklemtoon. Die *Devotio Moderna*, wat humanistiese onderrigmetodes met diep geestelike vorming geïntegreer het, het ook ʼn belangrike rol in hierdie kurrikulum gespeel.

Die nadruk op taalkundige studie en teksontleding het ’n blywende invloed op Calvyn se latere werk as eksegeet gehad (Selderhuis 2009:16).

Aan die Collège Royal het Calvyn onder leiding van die *Royal Reader*, Pierre Danès, ’n beroemde filoloog, sy studies in Hebreeus en Hellenisme begin (Wendel 1978:26). Dit was gedurende die winter van 1531–1532 dat Calvyn sy eerste publikasie voltooi het – ’n kommentaar op die Stoïsynse filosoof Seneca se werk, *De Clementia* (Wendel 1978:26–31). Hierdie publikasie het Calvyn se status as humanistiese geleerde gevestig, veral vanweë sy gebruik van die filologiese en logiese metodes wat deur Erasmus, Budé en Laurent Valla bevorder is. Hierdie metodes het Calvyn in staat gestel om teksuitleg as ’n wetenskaplike dissipline te bevorder – ’n benadering wat hy later ook in sy bybelse eksegese sou toepas (Dreyer 2010:8). Hoewel Calvyn hom later tot die Protestantisme bekeer het, het hy steeds die humanistiese beginsels van noukeurige teksuitleg en grammatikale studie gehandhaaf en dit sentraal in sy werk en denke gestel (Dankbaar 1957:11).

Tydens hierdie periode het Calvyn ook blootstelling gehad aan belangrike filosofiese tradisies, veral aan die werk van Aristoteles en die skolastiese strome van Nominalisme en Terminisme wat destyds invloedryk was. Sy studies aan die Collège Royal het hom diepgaande insig gegee in hierdie benaderings, terwyl hy terselfdertyd die beperkings daarvan raakgesien het (Parker 1975:13). Calvyn het ’n weg gevind om elemente van verskillende tradisies te kombineer, en dit word later duidelik in sy eie skrywes, veral in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*, waarin sy diepgaande kennis van klassieke tradisies, die kerkvaders en die Skrif saamvloei in ’n unieke teologiese raamwerk (Selderhuis 2009:47).

’n Verdere belangrike aspek van Calvyn se opleiding gedurende hierdie tyd in Parys was die invloed van sy mentors en medestudente. Sy blootstelling aan die werke van Augustinus, sowel as die lees van Luther se ‘verbode werke’, het ook sy geloofsvorming indringend beïnvloed, en het uiteindelik tot sy bekering en betrokkenheid by die Reformasie gelei (Bouwsma 1988:12). Die gebeure rondom Nicolas Cop in 1533, waar Cop tydens sy intreerede oor die saligsprekings en die regverdiging deur geloof die Inkwisisie se aandag getrek het, het Calvyn genoop om uit Parys te vlug. Hierdie voorval was die keerpunt in sy lewe, wat uiteindelik tot sy betrokkenheid by Genève gelei het en sy invloed op die Protestantse wêreld sou uitbrei (Ganoczy 1988:83).

## Genève en Strasbourg: Leer uit ervaring

Voordat Calvyn in Julie 1536 in Genève aangekom het, was die stad reeds as ’n Protestantse stad bekend. Genève het in 1528 polities van die Rooms-Katolieke Kerk se oorheersing losgebreek, grootliks met die ondersteuning van Protestantse Bern. Teen Augustus 1535 het die stadsraad amptelik verklaar dat Genève ’n Protestantse stad is en hulle het Katolisisme afgeskaf. Hierdie bekering tot Protestantisme is vergemaklik deur die politieke onafhanklikheid wat Genève reeds van die Huis van Savoy verkry het, asook deur die invloed van hervormers soos William Farel (Estep 1986:234).

Onder leiding van die predikante is die implementering van die nuut gevestigde Protestantisme in Genève begin. Omdat daar min voorbeelde of dokumentasie bestaan het oor wat sodanige hervorming vir ’n stad sou beteken – afgesien van ’n paar kerklike veranderings – het groot onsekerheid geheers oor wat werklike hervorming vir Genève sou inhou. Die predikante, onder leiding van Guillaume Farel, het al hoe meer besef hoe dringend ’n diepgaande hervorming van die stad nodig was (Stevenson 1959:68). Terselfdertyd het hulle hul eie beperkings raakgesien en ’n sterk behoefte ontwikkel aan ’n begaafde onderwyser of leermeester wat die implikasies van die hervorming aan die inwoners van Genève kon verduidelik en in die praktyk kon toepas. Farel, as vurige voorvegter vir die Reformasie, was vasbeslote om die Reformasie op daadwerklike wyse in Genève te vestig (Dreyer 2010:13).

Calvyn, wat aanvanklik na Strasbourg onderweg was, het nie beplan om in Genève te stop nie. Weens versperrings op sy roete moes hy egter ’n ompad deur Genève neem – ’n gebeurtenis wat hy en sy biograaf, Theodore Beza, later as ’n duidelike beskikking van die Here beskou het (Beza 1575:11). Hoewel Calvyn slegs beoog het om te oornag, is hy deur sy vriend, Pierre Viret, aan Farel voorgestel. Farel, bekend vir sy vurige geaardheid, het Calvyn kragtig aangespreek met die woorde (Beza 1575):

> Jy hou jou studie as ’n dekmantel voor. Daarom voorspel ek vir jou in die Naam van die Almagtige God dat, as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as ’n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang. (p.12)

Farel se oproep aan Calvyn om sy roeping te vervul, het ’n lewenslange indruk op hom gemaak. Vir Calvyn was dit nie slegs ’n versoek van ’n mens nie, maar ’n duidelike roeping van God. Hy het die roeping aanvaar, sy reisplanne in Strasbourg blitsig aangepas en sy werk in Genève begin. Stevenson (1959:71) beskryf hierdie tydperk in Calvyn se lewe as ‘the most critical time for the Reformation’. Calvyn se unieke gawes en talente is dadelik ingespan om sy regskennis aan te wend deur die opstel van die *Ordonnances Ecclésiastiques* (Calvyn 1966) – ’n kerklike orde wat op 16 Januarie 1537 deur die stadsraad aanvaar en in werking gestel is (Wendel 1978:51).

Calvyn het Genève se Reformasie gesien as meer as net ’n paar aanpassings in kerkgebruike of -strukture. Vir hom moes die hervorming die harte van Genève se mense transformeer en sodoende elke aspek van die samelewing beïnvloed. Hierdie visie was aanvanklik aanloklik vir die stad se inwoners en stadsraad. Soos met enige wetgewing was die teorie van die wet egter een ding, maar die toepassing daarvan in die praktyk het talle nuwe uitdagings gebied.

Soos Beza (1575:78) tereg opmerk, is dit een ding om ander tot bekering aan te spoor, maar iets heel anders om self tot bekering te kom en volgens hierdie standaarde te leef. Calvyn het hierdie uitdaging ernstig opgeneem deur onder meer ’n kategismus en ’n geloofsbelydenis te skryf. Hy het daarop aangedring dat alle burgers ’n eed aflê om hierdie leerstellings te aanvaar en na te kom (Calvyn 1966:72). Volgens hom het burgerlike owerhede as dienaars van God ’n plig om suiwer godsdiens te bevorder.

Nietemin is Calvyn se vroeë hervormingspogings in Genève met intense teenstand begroet, wat uiteindelik sy verbanning uit Genève bewerkstellig het. Hy en Farel is daarvan beskuldig dat hulle die stad met Frankryk wou verbind en gevolglik is hulle as ‘Jakobiete’ gebrandmerk. Calvyn het selfs na die stadsraad verwys as ’n ‘raad van die duiwel’. Die spanning het toegeneem toe die stadsraad beveel het dat ongesuurde brood vir Paasnagmaal gebruik moes word – ’n opdrag wat Calvyn en Farel geweier het om uit te voer. Alhoewel hulle gepreek het, het hulle nie die nagmaal bedien nie, wat in direkte verset was teen die raad se opdrag. Die raad het hulle gevolglik ontslaan en beveel om Genève binne drie dae te verlaat (Estep 1986:237).

Na sy verbanning uit Genève in 1538 het Calvyn hom in Strasbourg gevestig, waar hy predikant was vir die Franse vlugtelinggemeente. Hierdie tyd in Strasbourg het ’n vormende invloed op Calvyn se persoonlike lewe en teologiese ontwikkeling gehad. Hier het hy sy pastorale praktyke verfyn en die toepassing van kerklike dissipline versterk, onder meer deur die nagmaal slegs aan gelowiges te bedien wat ’n waardige lewe gelei het. Sy tyd in Strasbourg het aan hom ook die geleentheid gebied om aan die Gimnasium onderrig in bybelse eksegese te gee (Plomp 1969:157).

Dit was ook in Strasbourg waar hy in 1540 met Idelette van Buuren, die weduwee van ’n voormalige Anabaptis, getroud is. Sy huwelik met Idelette was vir Calvyn ’n bron van groot vreugde, maar haar afsterwe nege jaar later het ’n lewenslange impak op hom gehad. In sy briewe getuig hy van sy diepe hartseer oor haar dood (Selderhuis 2009:21). Hy is nooit weer getroud nie.

Later het Calvyn erken dat sy verbanning uit Genève en sy tyd in Strasbourg deur God gebruik is om hom te dissiplineer en voor te berei vir sy toekomstige roeping in Genève (Selderhuis 2009:142). Hierdie tydperk in Strasbourg het ’n blywende invloed op Calvyn gehad en het die grondslag gelê vir sy besluit om in 1541 na Genève terug te keer waar hy ’n nuwe hoofstuk in sy bediening begin het.

Selfs terwyl hy in Strasbourg was, het Calvyn die talle uitdagings wat Genève beleef het, noulettend dopgehou. Met sy en Farel se vertrek het Genève twee predikante verloor wat as herders nie meer die kudde kon beskerm nie. In die afwesigheid van Calvyn is diepgaande pogings aangewend om vroeëre hervormings ongedaan te maak, en Rooms-Katolieke figure soos dié van Kardinaal Sadoleto, het weer aanspraak op die stad gemaak. Calvyn het Sadoleto se argumente teen die gereformeerde leer met krag en helderheid weerlê – ’n verdediging wat die stadsraad van Genève oortuig het om hom in 1541 terug te roep. Hoewel hy aanvanklik huiwerig was, het Calvyn die roeping aanvaar vanweë sy diep roepingsbewussyn (Selderhuis 2009:142).

Calvyn se tweede verblyf in Genève is deur voortdurende stryd en innerlike worsteling gekenmerk. In ’n brief aan Farel op 13 September 1541, beskryf hy sy terugkeer na Genève as ’n ondenkbare uitdaging en gebruik die uitdrukking *in qua millies quotidie pereundum esset*, wat beteken dat hy ‘duisend keer per dag sou sterf’ (CO 11:320). Hierdie uitdrukking beklemtoon sy selfopoffering en die intense stryd wat hy met sy roeping in Genève gehad het. In ’n vroeëre brief aan Farel, gedateer 29 Oktober 1540, verwys hy na Genève as ’n ‘plek van pyniging’ (*locus tormenti*), wat sy diepe afgryse oor die situasie daar weerspieël het (CO 11:316). Hierdie briewe getuig van Calvyn se innerlike konflik oor en die uitdagings wat sy roeping meegebring het.

Uit die gebeure rondom sy verbanning en terugkeer uit Genève is daar baie te leer oor Calvyn se persoonlikheid. Hoewel hy veral bekend is vir sy uitsonderlike gawe in Skrifuitleg en die bediening van die evangelie as predikant, was hy ook diep toegewyd aan die hervorming van kerk en samelewing. Sy uitgebreide briefwisseling toon sy wêreldwye betrokkenheid by die bevordering van die Hervorming. Calvyn het nie net hard gewerk nie, maar ook verstaan dat alle menslike pogings afhanklik is van die seën van die Here. Hy was dus ’n man van gebed en het sy werk voortdurend in afhanklikheid van God se voorsienigheid verrig (Selderhuis 2009:142).

Hoewel Calvyn soms ’n vurige temperament gehad het, was hy spitsvondig en het hy ’n besondere goeie gesindheid teenoor mense getoon. Die beeld van Calvyn as ’n koue en ongenaakbare figuur is misleidend. Hy het medegelowiges met deernis behandel en selfs teenoor sy teenstanders ’n Christelike gesindheid openbaar. Hierdie eienskappe getuig van sy begrip van Christelike liefde en sy bewussyn van God se genade (Selderhuis 2009:145; Wendel 1978:63). Calvyn moet ook nie as ’n verstarde en onbuigsame figuur beskou word nie. Inteendeel, Selderhuis (2009:147) beklemtoon sy progressiewe aard. Calvyn was oortuig dat reformasie verandering vereis, en hy het dikwels, tot die frustrasie van sy tydgenote, volgehou dat hervorming ’n deurlopende proses moet wees. Sy vermoë om te innoveer en om verandering te omarm, getuig van sy unieke bydrae tot die uitbouing van die gereformeerde teologie.

## Genève: ’n Stad as skool en voorbeeld van Reformasie

Vir Calvyn was dit ’n onontwykbare realiteit dat die reformasie van ’n stad slegs moontlik was indien alle inwoners in die Woord van die Here onderrig is. Calvyn se

gedissiplineerde persoonlikheid en regsagtergrond het hom gelei om deur middel van ordes en wette almal in die stad te verplig om op een of ander wyse aan sodanige onderrig deel te neem. Calvyn het veral gefokus op drie terreine van onderrig: prediking, skoolonderrig en hoër onderwys. Op al drie terreine was wet en orde vir hom belangrik, aangesien ware gehoorsaamheid slegs binne ’n raamwerk van orde kan gedy. Daarom moes die inwoners van Genève voortdurend onder die klank van God se Woord kom.

Vir Calvyn was prediking nie bloot ’n geestelike handeling nie, maar ’n diep opvoedkundige aktiwiteit (Beza 1984:64). Die doel van prediking was om gelowiges toe te rus met kennis van God en hulle hemelse burgerskap. Calvyn het die kerk beskou as ’n ‘leerskool van God’ waarin lidmate gevorm word om die waardes en norms van die hemelse koninkryk in hulle daaglikse lewe uit te leef (Calvin 1998:90). Hy het groot waarde geheg aan die rol van herhaling in die leerproses, juis omdat hy self as kind die krag daarvan ervaar het (Bouwsma 1988:128–129). Die kerk het dus nie net ’n rol gespeel in die verkondiging van die evangelie nie, maar ook om die geloof op sistematiese wyse te onderrig met die doel om lidmate deeglik toe te rus om as volgelinge van Christus te leef. Hierdie opvoedkundige taak is duidelik in sy teologiese benadering, waar orde en gestruktureerde onderrig sentraal gestaan het as ’n refleksie van sy oortuiging dat God ’n God van orde is (Selderhuis 2009:75).

’n Tweede aspek waarin Calvyn op ’n ordelike en gestruktureerde wyse rigting gegee het, was skoolonderrig. Met die oog daarop om burgers op te voed in die gereformeerde leer en lewe, moes kinders van jongs af onderrig ontvang. Calvyn het ’n visie vir universele onderwys voorgestel – ’n visie wat die onderrig van seuns sowel as dogters ingesluit het ongeag hulle sosio-ekonomiese agtergrond. Hierdie benadering het ’n unieke bydrae gelewer tot die Reformasie se opvoedkundige model (Calvin 1966:34; Selderhuis 2009:77). Calvyn het verder sterk daarop aangedring dat ouers ’n aktiewe rol in die opvoeding van hulle kinders moes speel, veral in die kategese-onderrig wat deur die kerk ondersteun is. Hy was oortuig dat herhaling en gestruktureerde onderrig met die vraag-en-antwoord-metode onontbeerlik was om kinders se geloof te vorm en te versterk (Bouwsma 1988:128–129; Selderhuis 2009:92). Hy het ook geglo dat alle mense – oud en jonk – met die kennis van God se Woord toegerus moes word, sodat hulle hul geloof met oortuiging kon verdedig. Hierdie oortuiging het die grondslag gevorm vir die Reformasie se breë fokus op opvoeding en intellektuele vorming (Hillerbrand 2005:235).

Vanuit Calvyn se humanistiese agtergrond was lees ’n ononderhandelbare komponent van onderwys, asook ’n noodsaaklike element van geloofsvorming. Volgens hom bestaan geloof nie uitsluitlik uit ervaring nie, maar ook uit kennis – ’n uitgangspunt wat die lees- en studiekultuur onder gereformeerdes versterk het (Selderhuis 2009:40). Hy het daarop aangedring dat alle kinders moet leer lees, nie slegs om die Bybel te verstaan nie, maar ook om insig te verkry in die breër skepping en die werke van God. Hierdie oortuiging was diep gewortel in sy opvoedkundige ideaal: om kinders op te lei om die geestelike sowel as die burgerlike lewe met wysheid en verantwoordelikheid te benader (Dreyer 2010:5).

Die onderwysprogram van Genève, wat Calvyn tot stand gebring het, weerspieël sy breë visie op onderrig. Die program is onderverdeel in die *schola privata*, wat jongmense voorberei het op universiteitsopleiding deur vakke soos Grieks, Latyn, grammatika en dialektiek aan te bied; en die *schola publica*, wat oorspronklik bedoel was as ’n kweekskool vir Protestantse predikante, maar later uitgebrei is om fakulteite in Geneeskunde en Regte in te sluit (Kurian & Lamport 2015:181). Hierdie holistiese benadering het kinders toegerus om nie slegs in kennis en liefde vir God te groei nie, maar ook om ’n waarderende liefde vir God se skepping te ontwikkel (Calvin 1998:78–80).

Calvyn se fokus op lees as instrument vir geloofsvorming en kennisverwerwing is verder versterk deur die prominensie wat hy aan boeke en biblioteke gegee het. Die Akademie van Genève het later oor ’n indrukwekkende biblioteek beskik, en die fokus op studie en lees het ’n kenmerk van alle gereformeerde instellings geword. Dit is dus geen verrassing dat kinders in gereformeerde skole gedurende die Reformasie beter presteer het in leesvaardighede as hulle Lutherse en Rooms-Katolieke eweknieë nie (Selderhuis 2009:41). Hierdie benadering het die grondslag gelê vir die ontwikkeling van ’n onderwysstelsel waarin lees, kennis en geloof onafskeidbaar aan mekaar verbind is. Calvyn het lees nie net as toegang tot die Woord van God beskou nie, maar ook as ’n weg na dieper insig in die wêreld as God se skepping. Sy werk het die gereformeerde tradisie geïnspireer om kinders toe te rus met kennis en wysheid wat hulle in staat stel om betekenisvol tot die kerk en die samelewing by te dra.

In 1559 is die Geneefse Akademie onder leiding van Calvyn gestig. Dit het as ’n sentrale instelling vir die opleiding van predikante en burgers gedien. Calvyn se breër visie van die koninkryk van God het duidelik na vore gekom in sy ywer om die Akademie tot stand te bring. Hy het herhaaldelik by die stadsraad van Genève aangedring op die noodsaak van ’n deeglik gestruktureerde opvoedkundige instelling wat predikante sou kon oplei om die gereformeerde leer kragtig te verkondig. Sy droom is in 1559 verwesenlik, en die Akademie het vinnig gegroei: van ’n klein groepie studente by die stigting tot sowat 1200 teen die tyd van Calvyn se dood in 1564 (Hughes 1964:182). Die invloed van die Akademie op die uitbouing van die Reformasie was onskatbaar. Talle buitelandse studente het daar studeer en later belangrike leiersposisies in hulle eie lande beklee (Maag 1994:26). Hierdie studente is nie net intellektueel toegerus met die gereformeerde leer nie, maar het ook die lewenswyse van Genève geïnternaliseer en as ’t ware nuwe ‘Genèves’ elders gevestig (Selderhuis 2009:62).

Die stigting van die Akademie van Genève was nie bloot ’n institusionele uitbreiding van Calvyn se onderrigvisie nie, maar ’n konkrete uitdrukking van sy oortuiging dat teologiese vorming sentraal is tot die voortbestaan van die kerk en die samelewing. Vosloo (2017:255–256) wys daarop dat Calvyn die onderrig van toekomstige leraars as ’n kerntaak van die kerk gesien het, juis omdat die Woordverkondiging en die onderrig daarvan die middele is waardeur God sy kerk onderhou. Hierdie visie op teologiese opleiding was nie beperk tot ’n plaaslike konteks nie, maar het internasionale impak gehad. Deur sy struktuur, leerplan en opvoedkundige etos het die Akademie ’n invloedryke rol gespeel in die vorming van predikante vir gereformeerde kerke regoor Europa. Vosloo verbind hierdie impak op betekenisvolle wyse aan die latere ontwikkeling van teologiese opleiding op plekke soos Stellenbosch, wat in ’n sekere sin in die Geneefse nalatenskap gestaan het. Die Geneefse model het dus nie net in sy eie tyd ’n reformatoriese impak gehad nie, maar ook ’n langtermynnalatenskap in die wyse waarop Protestantse kerke wêreldwyd hulle verhouding tot opvoeding verstaan het.

Tog was die sukses van die Geneefse Akademie nie sonder interne spanning nie. Maag (1994:2) wys daarop dat die Akademie van meet af aan ’n plek van botsende verwagtings was: terwyl Calvyn en die predikante dit primêr as ’n teologiese skool vir die opleiding van predikante beskou het, het die Geneefse magistrate dit as ’n geleentheid gesien om ’n breër universiteitsmodel te ontwikkel, met vakrigtings soos Regte en Geneeskunde. Hierdie verskille in visie het gelei tot voortdurende debatte oor die rigting van die instelling, en dit het die Akademie se rol versterk – nie net as sentrum van teologiese vorming nie, maar ook as instrument van Genève se intellektuele en politieke prestige in Europa. Maag (1994:203) beklemtoon dat die Akademie nie in isolasie gefunksioneer het nie, maar ’n sleutelrol gespeel het in die ontwikkeling van gereformeerde kerke regoor Europa. Studente wat in Genève opgelei is, het na hulle lande van herkoms teruggekeer met ’n spesifieke visie op kerklike orde, gereformeerde teologie en vroomheid, en so het Genève sy invloed oor die hele vasteland uitgebrei.

Calvyn se pedagogiese visie kan egter nie ten volle begryp word sonder inagneming van sy persoonlike ervaring as vlugteling nie. Vosloo (2017:175–176) wys daarop dat Calvyn se vertrek uit Frankryk en sy vestiging in Genève hom nie net as mens gevorm het nie, maar hom ook op teologiese gebied verstewig het. Sy begrip van die kerk as ’n pelgrimsgemeenskap was op ’n ervaring van ontworteling gegrond. Hierdie ervaring het die onderbou gevorm vir sy strewe om Genève as ’n ‘gemeente-in-verstrooiing’ op te bou – ’n heilige gemeenskap van verdryfdes wat, deur die onderrig van God se Woord, weer saam georden word met die doel om vastigheid in hulle lewens te ervaar (Vosloo 2017:180–182).

Hierdie perspektief verleen ’n dieper betekenis aan die stigting van die Geneefse Akademie. Die Akademie van Genève was nie bloot ’n intellektuele projek nie, maar ’n poging om binne ’n konteks van onsekerheid en vervolging ’n geestelike tuiste vir vlugtelinge te skep – ’n ruimte waar hulle teologies vir dienswerk in ander dele van Europa toegerus kon word. Die onderrig wat Calvyn nagestreef het, het dus ’n dubbele funksie vervul: dit het God se Woord gevestig onder vreemdelinge, en dit het hulle toegerus om elders geloofsgemeenskappe te vorm. Deur die lens van vlugteling-wees word Calvyn se onderwys nie bloot as ’n sistematiese implementering van ’n pedagogiese model gesien nie, maar as ’n daad van pastorale heropbou te midde van politieke en godsdienstige ontworteling (Vosloo 2017:185–186).

Ondanks die uitdagings en konflik wat Calvyn in Genève ondervind het, het sy visie en deursettingsvermoë ’n blywende impak op die stad en die breër Christelike wêreld gehad. Hy is op 27 Mei 1564 in Genève begrawe, waar sy nalatenskap voortleef in die instellings en idees wat hy gevestig het.

## Gevolgtrekking

Die navorsingsvraag van hierdie studie was die volgende: Wat was die invloed van die onderrig wat Johannes Calvyn ontvang het op die Reformasie in Genève? Uit hierdie ondersoek blyk dit duidelik dat die onderrig wat Calvyn ontvang het ’n fundamentele rol gespeel het in sy vermoë om Genève in die sestiende eeu te hervorm en as modelstad van die Reformasie te vestig. Sy opleiding in Latyn en klassieke tale het sy vermoë gevorm om die Bybel en vroeë kerklike geskrifte met noukeurigheid te interpreteer. Sy regsopleiding in Orléans het hom van die intellektuele gereedskap voorsien om kerklike sowel as burgerlike strukture op ’n ordelike en sistematiese wyse te hervorm.

Hierdie stewige akademiese grondslag het Calvyn in staat gestel om Genève se hervorming nie net as ’n teologiese beweging nie, maar as ’n allesomvattende sosiale reformasie te lei. Die kerklike ordes wat hy in Genève geformuleer het, sowel as die stigting van die Akademie van Genève in 1559, het ’n model met internasionale reikwydte geskep vir Protestantse kerke en onderwysinstellings. Verder het sy dissipline, toewyding en visie ’n blywende voorbeeld nagelaat van hoe ’n Christelike samelewing ingerig kan word – ’n voorbeeld wat vandag steeds inspirasie bied vir Christelike gemeenskappe.

Die nalatenskap van Genève as ’n voorbeeld van reformasie op verskeie vlakke van die samelewing, het oor eeue heen voortgeleef en het selfs ander gemeenskappe geïnspireer om soortgelyke reformasies na te streef. Hierdie studie bevestig dat Calvyn se unieke kombinasie van akademiese uitnemendheid, regsvernuf en geestelike visie ’n sleutelrol gespeel het in die hervorming van Genève. Genève dien steeds as ’n voorbeeld van hoe ’n samelewing moreel, godsdienstig en sosiaal gestruktureer kan word, en Calvyn se invloed vorm steeds ’n kernkomponent van hierdie geskiedenis.

# Erkennings

## Mededingende belange

Die outeur verklaar dat daar geen finansiële of persoonlike verbintenisse is wat die skryf van hierdie artikel onvanpas kon beïvloed nie.

## Outeursbydrae

M.D. is die enigste outeur van hierdie navorsingsartikel.

## Etiese oorwegings

'n Aansoek vir volle etiese goedkeuring is by die AROS Etiese klaring vir navorsings ingedien en etiese toestemming is ontvang op 27 Februarie 2025. Die etiese goedkeuringsnommer is Aros-000036.

## Befondsingsinligting

Hierdie navorsing het geen spesifieke befondsing van enige befondsingsagentskap in die openbare, kommersiële, of nie-winsgewende sektore ontvang nie.

## Databeskikbaarheidsverklaring

Die outeur bevestig dat die data wat die bevindings van hierdie artikel ondersteun, in die artikel beskikbaar is.

## Vrywaring

Die menings en sienings wat in hierdie artikel meegedeel word, is dié van die outeur en weerspieël nie noodwendig die amptelike beleid of posisie van enige geaffilieerde instelling, befondser, agentskap of dié van die uitgewer nie. Die outeur is verantwoordelik vir hierdie artikel se inhoud.


# Literatuurverwysings


Beza, T., 1984 [1575], ''n Noukeurige lewensbeskrywing van Johannes Calvyn' [A Precise Biography of John Calvin], in J. Calvyn (ed.), *Institusie van die Christelike Godsdiens, Boek 1* (pp. 1–81), Uit die Latyn vertaal na Afrikaans deur H.W. Simpson, CJBF, Potchefstroom.

Bouwsma, W.J., 1988. *John Calvin: A sixteenth-century portrait*, Oxford University Press, New York, NY.

Calvin, J., 1863–1900, 'Institutio Christianae religionis', in G. Baum, E. Cunitz & E. Reuss (eds.), *Opera quae supersunt omnia, Corpus Reformatorum*, vol. 30, Schwetschke, Brunsvigae.

Calvin, J., 1966, 'Ecclesiastical Ordinances of the Church of Geneva', in T.H.L. Parker (ed.), translated by P.E. Hughes, The Register of the Company of Pastors of Geneva in the Time of Calvin, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Calvin, J., 1969, *Commentary on Seneca's De Clementia*, transl. F.L. Battles & A.M. Hugo, Brill, Leiden.

Calvin, J., 1998, *Calvin's Commentaries: Acts and Romans*, vol. XIX, Baker Book House Company, Grand Rapids, MI.

CO, see Calvin 1863–1900.

Cottret, B., 2000, *Calvin: A biography*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Dankbaar, W.F., 1957, *Calvijn — zijn weg en werk*, Callenbach, Nijkerk.

Diedericks, M., 2021, 'The value of Theodore Beza's inaugural address at the Geneva Academy for Christian higher education', *Expository Times* 132(4), 153–162. https://doi.org/10.1177/0014524620922782

Donatus, A., 1981, *De octo partibus orationis* [*On the eight parts of speech*], J. Smith (ed.), Oxford University Press, Oxford.

Dreyer, W.A., 2010, 'From Noyon to Geneva', *Skriflig* 44(3), 1–22. https://doi.org/10.4102/ids.v44i0.176

Estep, W.R., 1986, *Renaissance and reformation*, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, MI.

Ganoczy, A., 1988, *The Young Calvin*, translated by D. Foxgrover and W. Provo, William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, MI.

Hillerbrand, H.J., 2005, 'Calvin, John', in *The Oxford encyclopedia of the reformation* (pp. 324–239), Oxford University Press, Oxford.

Hughes, P.E., 1964, *The Geneva of John Calvin*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Inst, see Calvin 1863–1900

Kurian, G.T. & Lamport, M.A. (eds.), 2015, *Encyclopedia of Christian education*, vol. 3, Rowman & Littlefield, Lanham, MD.

Maag, K.Y., 1994, 'Geneva as a centre of Calvinist higher education, 1559–1620', Doktorale verhandeling, Universiteit van St. Andrews.

Muller, R.A., 2002, 'The unaccommodated Calvin: Studies in the foundation of a theological tradition', *Pro Ecclesia* 11(2), 241–244.

Parker, T.H.L., 1975, *John Calvin*, Lion Publishing, London.

Plomp, A., 1969, *Calvin's discipline*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

Popenoe, R., Langius-Eklöf, A., Stenwall, E. & Jervaeus, A., 2021, 'A practical guide to data analysis in general literature reviews', *Nordic Journal of Nursing Research* 41(4), 175–186. https://doi.org/10.1177/2057158521991949

Selderhuis, H.J., 2009, *John Calvin: A pilgrim's life*, InterVarsity Press, Downers Grove, IL.

Steinmetz, D.C., 1995, *Calvin in Context*, Oxford University Press, Oxford.

Stevenson, W., 1959, *The story of the reformation*, John Knox Press, Richmond, VA.

Van Villedieu, A., 1488, *Doctrinale Puerorum* [*The teaching book for boys*], viewed 16 April 2025, from https://archive.org/details/doctrinalepartes00alex.

Vosloo, R., 2017. *Reforming memory: Essays on South African church and theological history*, Sun Media, Stellenbosch.

Wendel, F., 1978, *Calvin: The origins and development of his religious thought*, transl. P. Mairet, Baker Book House, Grand Rapids, MI.